Laerskool Stellenbosch

Taalbeleid

Laerskool Stellenbosch is ’n openbare skool en kragtens die bepalings van artikel 52 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), soos gewysig (“die SASW”), en artikel 5 van die Grondwet van die Wes-Kaap (Wet 1 van 1998) is die Beheerliggaam van die Skool geregtig kragtens die bepalings van artikel 6(2) van die SASW en die Wes-Kaapse Talewet (Wet 13 van 1998), die Wes-Kaapse taalbeleid (2005) en die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys (Wet 12 van 1997), om die taalbeleid van die Skool te bepaal behoudens die Grondwet van die RSA, die SASW en die Wes-Kaap.

Die Beheerliggaam van die Laerskool Stellenbosch het ingevolge artikel 6 (2) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) die volgende beleid ten aansien van taal by die skool goedgekeur:

1. WOORDOMSKRYWING

1.1 In hierdie dokument, tensy anders bepaal of uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukkings dieselfde betekenis as in Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) en beteken:

1.1 “Beheerliggaam” die Beheerliggaam van die skool soos voorsien in artikel 16 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996);

1.2 “Grondwet” die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996);

1.3 “skoolhoof” die prinsipaal van die skool soos bedoel in die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996), asook ‘n opvoeder by die skool wat met goedkeuring van die skoolhoof en die Beheerliggaam namens die skool handel;

1.4 “regulasies” die norme en standaarde vir taalbeleid in openbare skole en die bepalings van “taal-in-onderwys” soos deur die Minister van Onderwys in die Staatskoerant afgekondig;

1.5 “skool” die Laerskool Stellenbosch;

1.6 “taalbeleid” die taalbeleid in hierdie dokument vervat.

2. DIE SKOOL EN BEHEERLIGGAAM SE BEGINSELS EN OORTUIGINGS RAKENDE TAAL IN ONDERWYS

2.1 Behoorlike kommunikasie is onontbeerlik vir suksesvolle en sinvolle onderwys. Op sy beurt kan daar geen behoorlike kommunikasie wees nie tensy die opvoeder bedrewe en die leerder ten minste redelik bedrewe is in die taal van onderrig van Laerskool Stellenbosch.

2.2 Dit is nie in die beste belang van die leerder dat sy keuse van onderrigtaal aanvaar word terwyl sy bedrewenheid in die betrokke taal sodanig te kort skiet dat hy nie in staat is om volgens sy vermoë te presteer nie.

2.3 Die vordering van leerders wat genoegsaam bedrewe is in die taal van onderrig van die skool, behoort nie vertraag te word weens die toepassing van spesiale taalvaardigheidsprogramme of die toedeling van bykomende tyd aan leerders met onvoldoende bedrewenheid in die betrokke taal van onderrig nie. Leerders mag nie benadeel word deur ’n ander leerder of groep leerders se keuse van ’n ongewone of vreemde taal van onderrig nie.

2.4 Die voorvereiste van redelike praktiese uitvoerbaarheid wat gekoppel is aan die reg van ’n leerder om sy taal van onderrig te kies (soos vervat in die voormelde norme en standaarde), hou nie slegs verband met die hulpbronne van Laerskool Stellenbosch nie, maar ook met die mate waartoe dié leerder waarskynlik bevoordeel en die ander leerders waarskynlik benadeel sal word indien onderrig in die betrokke taal aan die betrokke leerder verskaf sou word.

2.5 Gebaseer op die huidige menslike- en materiële hulpbronne van Laerskool Stellenbosch, is Laerskool Stellenbosch ten beste toegerus om die opvoedkundige behoeftes van leerders met Afrikaans as moedertaal te bevredig. Derhalwe sal die behoeftes van sodanige leerders voorkeur geniet wanneer dit ookal nodig mag wees om die voorkeurorde van leerders se behoeftes te bepaal.

3. VERBODSBEPALINGS

3.1 Daar mag nie onregverdiglik teen enige leerder gediskrimineer word, direk of indirek, op grond van sy taal nie.

3.2 Geen taaltoetse mag afgeneem word as voorvereiste vir toelating tot Laerskool Stellenbosch nie, met dien verstande dat die skoolhoof geregtig is om ’n leerder toelating tot die skool te weier indien die skoolhoof in goeie trou en op redelike gronde glo dat sodanige weiering in die beste belange van sowel die applikant leerder as die ander leerders sal wees, weens die gebrek aan bedrewenheid van die applikant leerder in die taal van onderrig van Laerskool Stellenbosch.

4. TAAL VAN ONDERRIG

4.1 Die taal van onderrig van die skool is Afrikaans.

4.2 Elke leerder of voornemende leerder het die grondwetlike reg om onderrig te ontvang in die amptelike taal van sy keuse by ’n openbare skool, met dien verstande dat onderrig in sodanige taal redelikerwys prakties uitvoerbaar is.

4.3 Die ouer van die leerder oefen namens die leerder die gemelde reg om die taal van onderrig te kies, uit. Hierdie keuse moet gemaak word by aansoek vir toelating van die leerder tot Laerskool Stellenbosch.

4.4 Waar die taal van onderrig deur die applikant leerder gekies dieselfde is as die taal van onderrig van die skool en met dien verstande dat daar plek vir daardie leerder in die betrokke graad is, moet daardie leerder tot die skool toegelaat word, onderworpe aan enige moontlike wetlike rede waarom sodanige toelating geweier kan word.

4.5 Die skoolhoof moet ’n rekord hou van alle versoeke vir onderrig in ’n ander taal as Afrikaans.

5. TAAL VAN ASSESSERING

Die taal van assessering sal Afrikaans wees behalwe in die addisionele tale waar dit in daardie spesifieke tale sal wees.

6. BEVORDERING VAN VEELTALIGHEID:

6.1 Die Beheerliggaam verbind homself en Laerskool Stellenbosch tot die aanbied van Engels as volwaardige taalvak by Laerskool Stellenbosch.

6.2 Die Beheerliggaam, namens die skool, onderneem ook om alles prakties moontlik te doen om ten minste een ander amptelike taal, naamlik Xhosa, aan te bied met die oog daarop om leerders ‘n basiese gebruik van die betrokke taal aan te leer.

6.3 Onderworpe aan beskikbare fondse sal die skool toepaslike Engelse en Xhosa boeke en leermateriaal aankoop vir gebruik deur leerders en opvoeders van die skool, met die oog daarop om hulle bedrewenheid in Engels en Xhosa te verbeter.

7. KOMMUNIKASIE MET OUERS:

Ten spyte daarvan dat die oorgrote meerderheid van ouers van die skool Afrikaanssprekend is, onderneem die Beheerliggaam om, waar prakties moontlik, met ouers wat nie Afrikaans kan verstaan nie, in hulle eerste taal te kommunikeer met verwysing na die omsendbriewe wat van tyd tot tyd aan ouers gestuur word en ook die akademiese rapporte van die leerders.

8. TALE AS VAKKE

8.1 Die toedeling van tyd en hulpmiddele moet eweredig wees met betrekking tot alle taalvakke by die skool aangebied.

8.2 Die volgende promosievereistes sal van toepassing wees op taalvakke:

8.2.1 In grade 1 tot 3 moet ten minste een taal geslaag word;

8.2.2 In grade 4 tot 7 moet ten minste twee tale geslaag word, een op eerste taal vlak en die ander op ten minste tweede taal vlak, met dien verstande dat gemelde tale amptelike tale moet wees.

8.3 By voltooiing van graad 7 moet elke leerder beskik oor bevredigende standaarde van bedrewenheid in ten minste twee van die amptelike tale.

9. PERSONEELVOORSIENING

Die Beheerliggaam sal poog om sover moontlik opvoeders aan te stel wat die onderskeie taalmediums magtig is.

10. DIVERSITEIT

Die opvoedingsproses by Laerskool Stellenbosch moet daarop gemik wees om 'n kultuur van respek vir die land se diverse taalgemeenskappe te kweek.

11. HERSIENING

Hierdie beleid moet van tyd tot tyd op deurlopende basis hersien en verder ontwikkel word.

AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 25 FEBRUARIE 2010

_____ _____

VOORSITTER SEKRETARESSE

_____

SKOOLHOOF

_____ _____

VOORSITTER SEKRETARESSE

_____

SKOOLHOOF